veldslag wat die Hollands-Afrikaanse student gelewer het om homself te bevry van sy slawejuk.

Die konferensie was verder van belang omdat hierheen die oorsprong moet teruggevoer word van ander studente-organisasies en -aksies. Daar is belangrike besluite geneem omtrent die bevordering van Dingaansdagviering, die gebruik van Hollands as voertaal by die Universitêre eksamens, omtrent die stigting van 'n sentrale uitvoerende en waaksaamheidskomitee. Hierdie sentrale uitvoerende en waaksaamheidskomitee is gekonstitueer in die Studente-Werdakomitee.

Die doel van die Studente-Werdakomitee vind ons as volg omskryf in art. 2 van die Statute: „Het komitee stelt zich ten doel: 'n zelfstandig Afrikaans volksbewustzijn vooral onder Jong-Zuid-Afrika krachtig te doen ontwaken en ontwikkelen. Het zal trachten dit doel te verwerkeliken door te eerbiedigen, te handhaven en, waar 't kan, te waken over de drie onmisbare onderpanden van ons volksbestaan: (a) de Christelike godsdienst gegrond op de Heilige Schrift; (b) de rechten en voorrechten van de Afrikaans-Hollandse taal; (c) de nationale tradities van Zuid-Afrika.''

Die Werdakomitee het onmiddellik getrag om aan die verskillende kolleges en middelbare skole Werda-waaksaamheidskomitees in die

lewe te roep, met die doel om te waak oor die belange van die Hollands-Afrikaanse jeug asook om propaganda te maak vir alle beginselsake.

D. B. Bosman, die afgevaardigde van die G.U.K., het dan ook die vuur in die Vrystaat aan die brand gesteek. Op Saterdag, die 14de Oktober is daar in die Gedenksaal op Bloemfontein 'n vergadering gehou van die studente van die Universiteitskollege en die verskillende skole teneinde 'n Afrikaanse Studente-Taalvereniging (A.S.T.V.) te stig.

Die erevoorsitter vir die aand, dr. D. F. Malherbe, het die studente verwelkom: „Die dryfveer waarvan hierdie vergadering die vrug is, is gekom uit die studente, spontaan, vanself — dit is 'n pure studente-aangelegenheid en die beweging sal alleen dan aan haar doel beantwoord als zij haar rein studentekleur behou. U hier te sien met 'n mooi en groot doel is om 'n mens se hart weer te laat opleef . . . Ek sien in die studente-taalbeweging 'n nuwe fase van ons taalstryd. Vir die eerste maal handhaaf die Hollandssprekende Suid-Afrikaanse student sy reg en indiwidualiteit, begin hy meewerk aan die oplossing van sosiale vraagstukke, begin hy praat, word hy 'n maatskaplike faktor . . . 'n Mens kan nooit te jong wees om te eer en respekteer wat vir die nasie heilig is nie.

„Dit werd van onsimpatieke kant beweer dat

die hele taalbeweging op sentiment berus en dat die gevoel van die volk door 'n paar entoesiaste opgesweep word. Bewys van die teendeel is daar genoeg. Maar al was dit pure sentiment, dan nog was daar geen rede om ons te skaam nie. Maar in ons geval is die sentiment alleen skyn. Die sentiment berus op en wortel in die heiligste instink wat 'n nasie ken: nasionaal bestaan, geskiedenis, godsdiens, sedes. Kortom, alles wat ons volkskarakter bepaal.

„En daarom jonge vriende, mag ik u geluk wens dat u wil meestry vir die handhawing van ons regte en vertrouw dat uw beweging zijn heerlike vrugte sal afwerp.''

Hierop het mnr. (later prof.) D. B. Bosman die stigting van 'n A.S.T.V. bepleit. Hy sê o.a. dat sy oë oopgegaan het op die Stellenbosse Taalkonferensie. „Liefdie vir 'n taal is nie genoeg nie. Die liefde moet sig openbaar in dade. Bemin jou taal is 'n baing mooi leuse, maar werk vir jou taal is baing mooier. En die mooiste van algar is, kom ons werk saam vir ons taal.''

Mnr. C. G. Joubert het gepraat oor die doel van die vereniging: om die opkomende geslag, die hoop van Suid-Afrika, liefde en respek vir hulle taal in te boesem. „Ons vereniging is nie 'n politieke nie, en wil hom nie met politiek meng nie, maar ons eis die uitvoering van artikel 137.''

Vervolgens het mnr. P. v. N. du Toit gepraat

oor die middele wat so 'n vereniging moet aanwend om sy doel te bereik. Dr. G. Knothe en ds. P. Boshoff het die studente ook aangemoedig en daarop is die vereniging gestig op 'n voorstel deur mnr. D. B. Bosman ingedien, en gesekondeer deur mnr. T. J. Hugo. Die bestuur is as volg saamgestel: D. B. Bosman (voors.), T. J. Hugo (sekr.), C. G. Joubert (vise-voors.), mej. G. Steyn, mej. T. Steyn, mej. A. Boshoff en mnr. J. Serfontein.

Die A.S.T.V. het 'n bloeiende vereniging geword in Bloemfontein en toe die Werdakomitee in die Suide op 1 Maart 1913 'n groot studente- en skolierebetoging in Kaapstad hou om hulle blydskap oor die insluiting van artikel 137 in die Grondwet, uit te druk, het die A.S.T.V. nie stil gesit nie. In die Ramblerssaal het die Bloemfonteinse studente en skoliere ook hulle demonstrasie gehou.

Die saal was propvol, volgens die *Vriend des Volks* van 3 Maart 1913. Op die verhoog het gesit dr. G. Knothe, dr. J. C. Pretorius, dr. D. F. Malherbe, dr. D. G. Conradie en ds. J. D. Kestell. Dr. Knothe, wat as voorsitter opgetree het, het 'n vlugtige oorsig van die Afrikaanse taalbeweging gegee sedert gelyke taalregte verkry is met artikel 137. Die Bloemfonteinse studente vier vanaand saam met „Onze Taal'' fees oor dié artikel. „Hij wilde zeggen dat er absoluut geen politiek en rassenhaat achter stak.''

Telegramme van gelukwensing is voorgelees van pres. Steyn, genl. De Wet, dr. Brill en „Boerbok.'' Daarop het dr. Conradie uitgewei oor die taal as erfstuk van ons voorvaders, en die studente aangespoor om dit net so suiwer aan hulle nageslag te oorhandig. Dr. Malherbe het gepraat oor ons taal (Afrikaans) in diens van die kuns en die weg wat dit nog moet bewandel om 'n kultuurtaal te wees. Die tyd waarin ons nou lewe (1913) is die mees inspirerende en heerlikste in die geskiedenis van ons volk, sê hy. „Dis nou die tyd van eerste voele van eige krag, zoo's een vo'eltjie wat vir die eerste maal zijn vlerkies uitslaan in die lug. In zo'n tyd van jeugdige ontwaking en bewustwording van eige krag, van heilige aandoening bij die eerste uitinge van diepste gevoel in eige vorme en eige taal, in zo'n tijd van jonge oplewing lewe ons nou. Mooi en heerlik is dit om die harteklop van 'n jong nasie te voel. Die tegenwoordigheid vanaand van honderde geestdriftige jongeliede is zo'n harteklop, zo'n polsslag.'' Verder betoog hy dat ons toekomstige letterkunde alleen op ons spreektaal gegrond kan wees.

Ds. Kestell het by die jonge dames gepleit om hulle taal te eer, want dit is maar altyd bekend dat hulle die meeste sondig deur 'n vreemde taal te gebruik. Sonder hulle sou die slag nooit gelewer word nie.

Nog meer toesprake is gelewer, gedigte voorgedra en verskeie liedere gesing.

Na aanleiding van dié taalfees het die redakteur van die *V.d.V.* (3.3.13) daarop gewys dat die taalstryd nog nie volstry is nie: wat op papier verkry is, moet in die praktyk in toepassing gebring word. Dit verbly hom dat „het tans opgroeiend geslacht zijn solidariteit begint te gevoelen."

Op 10 Mei 1913 het ongeveer 'n driehonderd studente en leerlinge uit die verskillende onderwysinrigtinge in Bloemfontein bymekaar gekom in die Groenewaldsaal van die Oranje-Meisieskool om hulle eerste kwartaalse vergadering te hou.

Dr. D. F. Malherbe, die erevoorsitter, was besonder bly om soveel jongmense te sien „die zin en gevoel hadden voor hun moedertaal," en hy spoor hulle aan om hulle taal te handhaaf die komende jaar. Ds. Kestell weer, voorspel dat Afrikaans uiteindelik die oorwinning oor Nederlands sal behaal in Suid-Afrika. „In ons geval was de taal zeker gans het volk, en als wij die lieten verdwijnen, dan zouden wijzelve verdwijnen als een grote zeepbel, als een bobbel op de oceaan; wij zouden onze nationaliteit geheel verliezen."*

Tot bestuur van die vereniging vir die jaar is gekies: mnre. D. Saayman, D. Serfontein en

---

******Vriend des Volks,* **12 Mei 1913.**

C. R. Swart (G.U.K.); J. de Leeuw (N.K.), mej. A. Conradie (Oranje), mej. J. van Aardt (Eunice), en 'n lid vir Grey-kollege.

Een van die grootste vergaderings van die jaar is gehou op 8 November in die Groenewald-saal, toe genl. Hertzog die jeug toegespreek het. Hy is lank en geesdriftig toegejuig. Eers het hy verskoning gemaak dat hy in Nederlands praat, en behandel toe die Afrikaanse taalstryd. Dit is niks nuuts nie, het hy gesê, want in die verlede het baie ander nasies ook moes veg vir die behoud van hulle taal, soos die ou Romeine byvoorbeeld. „Slechts dan kan een natie gezegd worden een natie te zijn wanneer zij 't hare begin te waarderen — haar geschiedenis, haar zeden, en vooral haar taal.'' Vandag het ons tot 'n besef van ons eiewaarde gekom deurdat ons ons taal orals gebruik. Dit is 'n egte Afrikaanse produk, vervaardig in Suid-Afrika.

Dr. Malherbe het genl. Hertzog bedank „en zeiden dat wij in hem zien de belichaming van onze idealen.'' Daarna is die pryse uitgereik aan die wenners in die opstel-wedstryd van die A.S.T.V.

Die A.S.T.V. het voortbestaan tot in 1921 en het gereeld elke jaar twee vergaderings gehou wat deur die studente van die G.U.K., Normaalkollege en die Bloemfonteinse hoërskole bygewoon is.

Benewens sang en musiek waarmee die vergadering opgeluister is, het daar gereeld 'n vername spreker opgetree. Die belangrikste lesing was miskien dié van ds. J. D. Kestell oor *Afrikaans als medium op die Universiteitskolleges.* Hy het die posisie van Afrikaans in Suid-Afrika ontleed: die teenstand kom van die ouere geslag, of van mense wat ander tale spreek. Hulle teenstand spruit voort uit onkunde. Met die ouere geslag het ons medelyde, maar die jonger vyandiggesindes moet beveg word. „Ons *mag* nie opposisie verwag van die Afrikaanse student nie — hulle *selfrespek* moet dit verhoed. Die student *moet* 'n medestryer wees in die opbou van sy volk en taal. Moge die studente van Bloemfontein nie agterstaan nie!''

Op 'n vergadering in 1915 het mnr. R. B. Saayman hierdie betekenisvolle woorde gebruik, wat vandag nog van krag is: „Onse taal het nog 'n heerlike toekoms en laat ons die sogenaamde groothartigheid van ons, wat niks anders is dan bekrompenheid, op sy sit en stry met die oortuiging: my doodkry is min.''

Die opkoms by die vergaderings was uitstekend — soms tot 300. Gewoonlik is die vergaderings gesluit met die sing van die verenigingslied, gedig deur dr. G. Knothe vir die eerste vergadering van Onze Taal op die wysie en voorbeeld van: „Kent gij dat volk?''

*„Ken jul die taal so skoon en soet,*
*En tog so lang geknel,*
*Wat nou opnieuw sig gelde doet?*
*Sy reg word weer herstel!*
*Kom vriende laat jul lied dan stijge*
*En hef een lofsang aan!*
*Wil jul ook nou nog langer swyge?*
*Ons Afrikaans bly staan!*
*Want onse taal, geliefde taal,*
*Ons skone taal, hy bly bestaan.''*

In September 1921 het die A.S.T.V. en A.S.B. 'n gesamentlike vergadering gehou, en het die A.S.T.V. opgehou om te bestaan, omdat albei verenigings op dieselfde terreine gewerk het.

### *Die Afrikaanse Studentebond*

Om nou weer terug te keer na die Suide: volgens art. 6 (a) van die konstitusie moes die Werda-komitee ten minste elke drie jaar 'n Studentekongres byeengeroep het. Weens die moeilikhede en die verwikkelinge wat in 1914 in ons land begin het, het die komitee egter eers in 1916 van hom laat hoor. Toe is op 25 Maart onder vurige geesdrif, wat sterk aangewakker is deur die nasionale oplewing as gevolg van die Opstand, in Kaapstad se groot stadhuis die *Heldedag* gevier. Verteenwoordigers en belangstellende besoekers het daar saamgestroom uit alle dele van die land. Krag-

tige toesprake is gehou deur manne soos prof. dr. Moorrees, wyle dr. Tobie Muller, dr. D. F. Malan, en andere.

'n Saak wat in verband met die Heldedagviering genoem moet word en wat vir ons van groot belang is, is dat die *Afrikaanse Studentebond* direk sy ontstaan te danke het aan 'n besluit wat by hierdie feesgeleentheid op 'n besigheidsvergadering geneem is. Die Gereformeerde Studentekorps „Veritas Vincet'' van Potchefstroom het op „Heldedag'' 'n verteenwoordiger gehad. Hy het 'n opdrag gekry om aan die besigheidsvergadering 'n beskrywingspunt voor te lê ten effekte dat daar 'n Hollands-Afrikaanse Studentebond in Suid-Afrika gestig moes word, wat as 'n kragtige organisasie kon waak en stry op wetenskaplike gebied vir die Calvinisties-Christelike beginsels, waarop ons volkslewe gebou is. Dit het die vergadering aan tyd ontbreek om die beskrywingspunt die aandag te skenk wat dit verdien het. Daar is kortweg 'n besluit geneem waarin die wenslikheid uitgespreek is dat die Transvaalse en Vrystaatse studente hulle eie Werda-komitees sou stig.

Hierdie besluit het gedien as aanleiding vir die Potchefstroomse studentekorps om die inisiatief te neem in die stigting van die Afrikaanse Studentebond. Aan invloedryke persone aan die verskillende Universiteitskolleges

en Normaalskole in Transvaal en die Vrystaat is briewe gerig waarin die stigting van so 'n Bond warm bepleit is. Ná heelwat inspanning en stryd en nadat twee vergaderings gehou is deur verteenwoordigers van die G.U.K. en Normaalskool, Bloemfontein, die Normaalskole van Pretoria en Heidelberg en die Teologiese Skool van Potchefstroom (die eerste vergadering met geleentheid van die Paasvakansie 1916 en die ander in die September-Oktober-vakansie 1916) kon die Bond sy eerste kongres hou op Pretoria, 4, 5 en 6 Oktober 1917. Op hierdie kongres is die Statute en Reglement finaal goedgekeur en offisieel vasgestel.

Die stigters van die A.S.B. het getrag om 'n organisasie in die lewe te roep, wat gegrondves staan op die Calvinisties-Christelike grondbeginsels. In ooreenstemming hiermee erken die Bond in art. 2 van die Statute die ordinansies van Gods Woord op die gebied van die wetenskap soos op elke ander gebied van die lewe. Staande op hierdie grondslag, stel die Bond hom in art. 3 ten doel (1) om sy lede te vorm ooreenkomstig die Afrikaans-tradisionele volkskarakter en (2) om 'n kultuur en wetenskap te bevorder waaraan hierdie beginsels ten grondslag lê.

Van die begin af het die Bond getrag om 'n eie orgaan in die lewe te roep. Eers het hy 'n aandeel gehad in *Jong Suid-Afrika,* die orgaan

van die Unie van Debats- en Jongeliede-verenigings in Transvaal. Van Maart 1920 af besit die Bond egter sy eie orgaan in *Die Banier,* wat in dieselfde omslag met *Die Brandwag* verskyn het. Ná die dood van *Die Brandwag* in 1922 het *Die Banier* afsonderlik verskyn. Dié blad was van 'n besonder hoë gehalte en het in wye kring belangstelling geniet. September 1923 het die laaste nommer die lig gesien. Op die sesde kongres (21 en 22 April 1927) te Pretoria is besluit om *Huis en Haard,* 'n tydskrif wat in Ladybrand uitgegee is, as die offisiële orgaan van die Bond te gebruik. Die Bond kon egter nie sy verpligting om 600 intekenare te lewer, nakom nie, en op die Heidelberg-kongres van 1929 is van die plan afgestap. In September 1932 het *Die Banier* weer sy verskyning gemaak as 'n afsonderlike blaadjie, maar ná die tweede aflewering in April 1933, is dit gestaak, want in Augustus van daardie jaar is die A.S.B. ontbind en het dit plek ingeruim vir die Afrikaans-Nasionale Studentebond (A.N.S.).

Die A.S.B. het baie werk verrig in belang van die Afrikaanse volksaak. Dit het sy stem laat hoor „in die ministerskantore, in die raadsale van ons land, by die departemente van hoër- en laeronderwys . . . (dit het 'n aktiewe deel) in die stryd vir die gebruik van die moedertaal as voertaal by onderwys en eksamens en vir die totale verafrikaansing van

sekere universiteite en kolleges.'' (Prof. J. C. van Rooy.)

Een van die belangrikste taalmonumente deur die A.S.B. opgerig is ~~ongetwyfeld~~ die invoering van Afrikaans in die hoër-onderwys. Dit het so gekom: die A.S.B.-tak van Bloemfontein het die volgende beskrywingspunt opgestuur vir die kongres van 1917: „Die wenselikheid word bespreek om die Minister van Onderwys te versoek om 'n leerstoel in Afrikaans op te rig in die Nuwe Universiteite, veral in die Universiteit van Suid-Afrika, gestel op Pretoria.''

Die gevolg is dat die A.S.B. ingevolge sy kongres-besluit op 17 April 1918 'n versoek gerig het aan die Minister van Onderwys en die Registrateur van die Universiteit van Suid-Afrika vir (a) Die stigting aan die konstituerende Kolleges van genoemde Universiteit van leerstoele vir die Afrikaanse Taal en Lettere; (b) Die praktiese erkenning van Afrikaans aldaar als medium van onderwys en eksamens.'' Dit is namens die Hoofbestuur onderteken deur L. J. du Plessis (voors.) en F. J. Labuschagne (sekr.). Hierdie petisie is onderteken deur 246 studente aan al die konstituerende kolleges, behalwe van die Mynskool, Johannesburg en die N.U.K. Op die petisie het ook enkele Engelse name voorgekom. Die petisie aan die Minister van Onderwys is onderteken deur 378 studente aan Kolleges en Normaalskole in die

O.V.S. en Transvaal waar takke van die A.S.B. gestig is, d.w.s. almal behalwe dié van Johannesburg.

Reeds op die eersvolgende Senaatsitting is aan hierdie versoek voldoen deur 'n eenparige besluit dat Afrikaans van nou af as voertaal by alle eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika kan gebruik word. Bloemfontein neem die voortou in Oktober 1918 deur dr. D. F. Malherbe te benoem tot professor in Afrikaans. Dit was 'n mylpaal in die geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging en die eer kom die A.S.B. toe.

'n Tweede beskrywingspunt van die Bloemfonteinse tak vir die eerste kongres (1917), sou ook verwesenlik word: „Die wenslikheid word bespreek om vir wijle pres. M. T. Steyn 'n standbeeld op te rig aan die G.U.K.'' Ná baie arbeid en organisasiewerk is die tweemaal-lewensgrootte standbeeld in 1929 voor die G.U.K. onthul „waar die forse gestalte pryk teen die sonnige bloutes van die Vrystaatse hemelruim asof dit met sienersoë ver oor al die kleinlike nietighede van die daaglikse lewe heenkyk en daar in die ooste alreeds die dageraad van 'n nuwe Afrikaanse dag sien aanbreek.'' (*Die Huisgenoot*, 17 Jan. 1933.)

'n Derde belangrike werk deur die A.S.B. verrig, is die uitgawe van die *Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners*

in 1925, wat 384 bladsye tel en waarin die vernaamste skrywers van Suid-Afrika bydraes gelewer het en wat sterk aanbeveel is en gunstig geresenseer is, nie alleen in Suid-Afrikaanse blaaie en tydskrifte nie, maar ook in Nederlandse.

### *Die Bloemfonteinse Tak*

Aangesien ons hoofsaaklik op die Vrystaat konsentreer, sal ons 'n blik werp op die eerste paár jaar van die bestaan van die A.S.B. op Bloemfontein. Ons het reeds gesien dat die inisiatief van hulle uitgegaan het vir die invoering van Afrikaans as voertaal in die hoër-onderwys, en dat die eerste leerstoel vir Afrikaans op Bloemfontein ingestel is.

Die eerste vergadering van die Bloemfonteinse tak, bestaande uit die studente van die G.U.K. en die Normaalskool, is gehou in die Modelskool op Saterdagaand, 29 Julie 1916. Tot voorsitter en sekretaris word respektieflik gekies die here M. van der Walt en M. J. Gregory. Die voorsitter lê die statute voor die vergadering en daar word oorgegaan tot die stigting van 'n A.S.B.-tak.

Dit was die gebruik van dié tak om hulle vergaderings met musiek op te luister, en dan een of ander Afrikaanse boek te bespreek. So is o.a. die volgende boeke onder hande geneem: *Die Tweede Grieta* van adv. J. H. H. de Waal, *Agterstevoortrekkers* deur R. J. van Reenen,

*Vergeet Nie* deur D. F. Malherbe, ens. Hulle het gewoonlik gelet op die inhoud, die karaktertekening, die taal en styl, en het dit deur afsonderlike persone laat bespreek. „Die inhoud en kritiek oor Johannes van Wyk,'' sê die sekretaris, „deur die here van der Walt en Smit gegee, sal seker meer dan een nuwsgierig maak daardie werk van adv. de Waal ten minste te lees.'' Die kritikus van *Vergeet Nie* weer het ons laat verstaan dat die verhaal 'n tendensroman is om vaderlandsliefde onder die lesers op te wek. Die kritikus van die *Dolosgooier* „het tamelik diep in die fijne biesonderhede van die inhoud ingegaan om die gehoor die aantrekkelikheid van die boek te laat voel.'' Mnr. Van der Linde het die bou van *Getrou* deur Du Biel behandel: „Hy het o.a. gesê dat dit 'n mislukte roman is en dat du Biel die Afrikaanse letterkunde gladnie daardeur vooruit gehelp het. Die natuurskildering wat gewoonlik die versiering van die geraamte is ontbreek ook.''

Aan lesings het dit ook nie ontbreek nie. Die eerste een is gegee deur prof. A. Francken oor Adam Tas en sy tyd (21 Okt. 1916), en die tweede deur mnr. Hoekstra oor Piet Paaltjes en sy plek in die Nederlandse letterkunde (10 Maart 1917). „Taal en Nasionaliteit'' was die titel van mnr. R. B. Saayman se lesing op 'n vergadering van 9 Junie 1917. „Die opsteller het ons getoon hoe noodsakelik dit is vir 'n

nasie om sy eie taal en eie nasionaliteit te hê. Als 'n nasie sy taal eer, dan eer hy sy nasionaliteit; als hy die skend dan skend hy sy nasionaliteit.''

'n Besonder deurwrogte lesing is gegee deur dr. Holloway oor „Die keuse van een Beroep'' (3 Aug. 1918). Die Afrikanervolk is arm en is nog nie sy eie baas nie, het hy gesê. In die beheer van nywerheid en koophandel vind jy seer selde 'n Afrikaner. Ons staan op die oomblik voor drie groot rewolusies, nl. op landelike, kommersiële en op industriële gebied, waarvan die kommersiële geheel in die hande van uitlanders is. Die boere moet ontwaak en koöperatiewe verenigings stig.

Die eerste lesing vir die A.S.B.-jaar 1919 is gehou deur dr. C. F. Visser oor „Die Ideaal van Jong Suid-Afrika.'' Ons landstaal is nou verhef tot ere-taal, het hy gesê, en die opkoms van die Afrikaanse volk is één met die opkoms van die Afrikaanse taal. Dié taal is die draer van 'n eie Afrikaanse kultuur. Die doel van die A.S.B. is die bevordering van die Afrikaanse kultuur en daar is nou 'n groot arbeidsveld vir elke lid.

Op die laaste vergadering van die jaar 1921 (12 November) was daar teenwoordig dr. D. F. Malherbe en Oom Lokomotief. Dit het hom gespyt, sê dr. Malherbe, om van die voorsitter te verneem dat dit nodig sou wees om die

A.S.B.-lede 'n bietjie te kom wakker skud. „Hy betreur dit dat ons 'n dooie gemeente is.'' Waar is dan die sang? Sy doel is om 'n bietjie in ons tuintjie van die laaste twintig jaar rond te kyk. Hy vergelyk ons letterkunde met ander produkte in Suid-Afrika waarin die suiwer en warme Suid-Afrikaanse gees ontbreek. Dit is geen wonder nie, want hulle gesigte is almal oor die see gerig.

Die Afrikaanse gees het sy hoë toon eers in ons gedigte aangeslaan, want die Afrikaanse volk en veld is één. Hy het op die e-, ê- en i-klanke in „Daar ruis 'n lied'' van Totius gewys. Dit is die fyn, emosionele klanke wat simpatie wek. Dit is ook die klanke van die wind. Die inhoud word feitlik net deur die twee woordjies *her* en *ver* uitgedruk, maar wat veral hier uitkom, is die musiek van die klanke.

Ons prosa-produkte is te veel tegnies. Inhoud en vorm moet tot 'n harmoniese eenheid saamgroei. Dit moet vir ons 'n genot wees om ons met die skrywer se gedagte en woordskikking besig te hou. Die styl van 95 persent van ons prosaskrywers is nugter. By Langenhoven is egter 'n warmte en gloed kenmerkend; hy skep nuwe woorde en maak nuwe verbindinge. Sy styl is vloeiend, maar hy word soms plat en kinderlik. Van Bruggen is in sy sketse besonder goed. Hy is aanskoulik en word hoog geskat vir uitbeelding en karakterisering. Wat egter in ons prosa ontbreek, is woordmusiek.

Wat die algemene werksaamhede betref, het die A.S.B. gereeld vergaderings gehou en gesorg dat die lede hulle taal handhaaf. So skryf die sekretaris vir 1918 (mnr. R. Verster): „Op Grey het ons gedurende die jaar geen kans laat verbygaan om Afrikaans sy regte te laat kry, b.v. die lesings in twee vakke, nl. Geologie en Ekonomie is in die loop van die jaar verander en word nou deur medium Afrikaans gegee. Ok het die studente geweier om die registrasievorms en die register, wat in Engels was, te teken. Gevolg: ons het Afrikaanse vorms gekry.''

In sy jaarverslag vir 1920 maak die voorsitter, D. J. Mostert, melding van die harmoniese samewerking tussen die A.S.B. en die plaaslike vereniging Onze Taal. „So het die twee organisasies 'n groot gesamelike vergadering gehou waarop Sy Ed. Oud-Pres. Reitz ons vereer het deur 'n wetenskaplike toespraak. Ook het daar 'n gesamentlike geselligheid plaasgevind in die Groenewald-saal. Daardeur is ons tak in staat gestel om 'n som van £40 aan die Hoofbestuur te oorhandig.''

Die A.S.B. het ook 'n paar keer toneelstukke opgevoer om sy fondse te styf, en het steeds sy invloed na buite laat geld. Dit is van belang om daarop te let dat 'n hele paar van die voorsitters en sekretarisse van die A.S.B.-tak op Bloemfontein vandag vooraanstaande persone in ons land is, soos dr. J. F. J. van Rensburg,

voorheen administrateur van die Vrystaat, prof. N. Diederichs, Dirk Mostert (skrywer), prof. J. P. van der Merwe (P.U.K.), dr. R. Verster, ens.

Op 14 Augustus 1925 het die A.S.B.-tak van Bloemfontein 'n grafsteen vir Oom Lokomotief opgerig terwyl daar terselfdertyd met die gedenkfees ter ere van die G.R.A. 'n groot fees op Bloemfontein georganiseer is, waarby mnr. Thos. Blok. die boesemvriend van Oom Lokomotief, die vernaamste woordvoerder was. Ds. Kestell het ook 'n kort toesprakie gehou, terwyl die grafsteen onthul is deur mnr. G. S. Nienaber, die voorsitter van die Hoofbestuur van die A.S.B. Dit is oorhandig aan mnr. Pieter du Toit, die oudste seun van die oorledene, wat dit namens die familie in ontvangs geneem het. By dié geleentheid het die A.S.B. ook 'n Oom Lokomotief-beurs gestig vir hulpbehoewende studente aan die G.U.K.

In 1933 is die A.S.B. ontbind en is dit vervang deur die Afrikaans-Nasionale Studentebond.

### (f) Die Oranje-Vrouevereniging

Ook die vrou het haar aandeel geneem aan die Afrikaanse Beweging. In 1907 is aan die O.R.K. Verantwoordelike Bestuur verleen. „Deurdat die konstitusie en die wet uitsig gee op die bestendiging van die Hollandse taal in die O.R.K., en om as teenwîë te dien teen die

afkeurende handelwyse van die opposisie, het die Hollandse volkselement hom skielik op verskillende gebiede in vereniginge saamgesluit.''*

Onder voorsitterskap van mev. pres. Steyn het die vrouevereniginge van die O.R.K. op 25 Maart 1908 te Bloemfontein besluit om een groot organisasie te stig, die Oranje-Vrouevereniging. „De O.V.V. stelt zich ten doel, alles in haar vermogen te doen, om de godsdienstige, zedelike en stoffelike verheffing van ons Volk en in 't biezonder van de jeugd te bevorderen,'' lui Artikel I. As een van die middels daartoe word (punt b): „Bij 't opgroeiend geslacht liefde en eerbied in te boezemen voor onze moedertaal, voor ons vaderland en ons edel voorgeslacht.''†

Ons kan die geskiedenis van dié vereniging nie hier beskryf nie, maar wil tog verwys na 'n toespraak van pres. Steyn voor die Bloemfonteinse tak in Oktober 1911, waarin hy die O.V.V. veel lof toegeswaai het vir die edel werk wat hulle verrig. „Als hij hoorde van de vele families die alles verloren hebben en in de dorpen gaan wonen in grote armoede, sommige van hen nakomelingen van de Voortrekkers, dan waardeerde hij het werk van de vereniging

---

*G. S. Nienaber, t.a.p., bl. 141.
†*Statuten van de O.V.V.*

des te meer.'' Hy doen ook 'n beroep op die volk om hulle grond vas te hou.

Die O.V.V. het op 17, 18 en 19 November 1915 'n groot kongres gehou op Ficksburg om alle takke oor die hele Vrystaat saam te bind, gedagtig aan die ou, beproefde spreuk: „Eendracht Maakt Macht.'' Onder die beskrywingspunte vind ons die volgende van belang: „De leden der O.V.V. moeten erop toezien, dat hun kinderen op School hun Godsdienst Onderwijs door middel van de Hollandse Taal ontvangen; De leden der O.V.V. moeten toezien, dat onze Schoolbibliotheken van goede, Hollandse boeken voorzien zijn'' — albei van die Hoofbestuur.

Theunissen stel voor: „De O.V.V. behoort haar taal Afrikaans te maken inplaats van Hollands.'' Die Bloemfonteinse tak versoek: „De O.V.V. dringe er bij 't Departement van Onderwijs op aan, dat op onze scholen meer aandacht worde gewijd aan de geschiedenis van Zuid-Afrika en dat die geschiedenis worde onderwezen in de huistaal van de leerling. In verband daarmee spreke het kongres een afkeurend oordeel uit over geschiedenis boeken, die 'n eenzijdige voorstelling geven van geschiedkundige feiten, zoals in Whiteside's History of South Africa. Ook wekke 't Kongres de moeders op, om de geschiedenis van Zuid-Afrika met haar kinders te lezen en hun liefde daarvoor in te boezemen.''

Ná hierdie kongres het ds. W. Postma 'n uitnodiging gekry van die O.V.V. Saam met die Hoofbestuur het hy 'n nuwe grondwet opgestel om te voldoen aan die veranderde eise van die tyd en aan die begeerte van andersdenkende vriende. Hierdie grondwet is deur die kongres met algemene stemme aangeneem. Nou erken die O.V.V. as haar offisiële taal Hollands in beide vorme: Nederlands en Afrikaans. Onder punt 6 (Middels) dring die O.V.V. aan op „'n suiwer nasionale stelsel van onderwys, gesond in gees en inrigting,'' en onder punt 7 „dat onse dierbare moedertaal en onse vaderlandse geskiedenis in huis, op skool en in die eksamens tot hulle reg kom als onmisbare elemente van 'n gesond en degelik onderwysstelsel.'' Hierby merk ds. Postma op dat as daar Afrikaners en Engelse is wat nie kan verdra dat die geskiedenis volgens die waarheid geleer word nie, dan moet hulle maar 'n aparte klas vorm en „British History'' leer. Dit is onnodig dat een deel van die volk „geestelik vermoor'' word terwille van die ander deel.

Vandag nog is die O.V.V. een van die sterkste vroueorganisasies in die Vrystaat en hulle dienste vir land en volk kan nie genoeg waardeer word nie.

### (g) Verenigings buite Bloemfontein

Die taalbeweging van die Vrystaat was nie net tot die hoofstad beperk nie — nee, dit het

sy aanhangers en voorstanders ook op die platteland gehad. By die behandeling van die geskiedenis van Onze Taal het ons gesien dat die heer P. van Gent ook op Bethlehem 'n tak gestig het. Daar het verder talle briewe in die *Vriend des Volks* van plattelanders verskyn wat hulle instemming betuig het met die Afrikaanse taalstryd en self wenke aan die hand gegee het. Van die beste Afrikaanse medewerkers was Mauritz van der Merwe (Boerbok), wat Langenhoven op sy eie gebied „soms na die kroon steek,'' en verder Pollux, van Boshof, of wat ook in sy politieke stukke agter die naam „Wapendraer'' geskuil het. (Senator C. A. van Niekerk.)

In Ladybrand het Theo Ferreira in Maart 1915 'n provisionele komitee gevorm om middele te beraam en uitgevoer te kry „om onse taal en nasionale belange te bevorder.'' Krygswet was egter nog van toepassing en hy kon geen publieke vergadering byeenroep nie. Toe het hy deur middel van die Hollandse pers die saak laat bespreek, en in die *Vriend des Volks* van 25 Maart 1915 'n oproep geplaas, waarin hy o.a. sê: „Die tyd vir aksie, die tyd om handelend op te tree, is aangebroke. Ten spyte van alles wat daar alreeds gezegd en geskryf is — ten spyte van die opofferings van sommige van onze voormanne, van die beledigings wat hulle moes verdraagt omdat hulle wil sien dat daar regt aan onse taal en nasionaliteit sal

geskied — sien ons nog maar baje min vordering in die rigting en onse taal word nog maar voortdurend agter die bank in geskop. Dit is seer betekenisvol vir ons volk — dit beteken dat ons langsamerhand, byna ongemerkt maar seker, verengelst wordt.''

Hy sien die oplossing in die stigting van taalverenigings dwarsdeur die hele Vrystaat. Hierdie verenigings sal dan moet sorg vir die handhawing en toepassing van Afrikaans op alle gebiede van die Afrikaanse lewe: onderling, in korrespondensie, in die siviele diens, in kantore, in winkels, op die spoorweg, ens. Verder sal die vereniging sorg vir die viering van Dingaansdag, dit sal die kennis van ons geskiedenis bevorder, en deur gereelde vergaderings sal dit die lede wakker hou.

Hy het van alle kante briewe van instemming gekry, „'n blyk van hoe die Afrikaner hart nog warm klop vir taal en nasionaliteit.'' So skryf iemand uit Bloemfontein dat elke burger moet deelneem aan die taalstryd en dat hulle 'n groot vergadering op Bloemfontein moet hou om tot gesamentlike aksie te besluit. „Die Afrikaner is nie ontrou aan syn taal en tradisies nie,'' sê hy, „maar hy kan nie alleen staan nie; 'n kort tydjie hou hy dit vol, maar die atmosfeer word gewoonlik vir hom te sterk. Dit is daarom onse plig om vir hom 'n atmosfeer te skep waarin hy kan groei en sterk word.''

'n Dame uit Ficksburg het ook vuur gevat en wil vergoed vir haar verlede: „Ik skaam mij nog altijd dat daar 'n tijd in my lewe was wat die nasionale gevoel nie so wakker en sterk was als nou! dat die invloed van vreemde tale en sedes mij ook nie ongedeerd gelaat het nie; maar goddank die Afrikanerbloed loop nog dik in my are, en in mij hart is nie meer plek vir ander nasies se tale en sedes nie.''

Theo Ferreira het ook aansluiting gesoek by 'n verwante beweging in Reddersburg, en by die Helpmekaar-vereniging van die Suidelike Vrystaat. Op 4 Junie 1915 het hy in die Mutual-saal voor 'n gehoor van 400 sy planne verduidelik en die statute van die te stigte Afrikaanse Taalvereniging voorgelê:

„Die doel van die vereniging is om die gebruik van suiwer Afrikaans als skryf- sowel als spreektaal te bevorder, en om by die Afrikaner volk meer agting en liefde daarvoor op te wek.

„Die Vereniging trag sy doel te bereik deur:

„(a) Die studie van die Afrikaanse taal en letterkunde aan te moedig;

„(b) Behulpsaam te wees met die uitgawe en verspreiding van verdienstelike boeke, liedere en ander geskrifte in Afrikaans;

„(c) Pryse uit te loof en eervolle onderskeiding toe te ken vir opstelle en geskrifte in Afrikaans;

„(d) Te ywer vir die gestrenge toepassing van die beginsel van gelyke regte vir Hollands en Engels op die gebiede van onderwys en die staatsdiens;

„(e) Mee te werk met ander verenigings wat vir die bevordering van Hollands in Suid-Afrika ywer;

„(f) Alle ander middele by die hand te neem, wat kan dien om die doel van die vereniging te bevorder, soals bv. die gebruikt van Afrikaans als besigheidstaal aan te moedig.''

Die voorsitter vir die aand, ds. P. S. van Heerden, het „'n pragtige en hartroerende rede'' gehou en die gehoor aangespoor om die hand aan die ploeg te slaan. Verskillende persone uit die gehoor het ook die woord gevoer, en toe is besluit tot die stigting van 'n vereniging op voorstel van mnr. Theunis Snyman en gesekondeer deur mnr. A. P. J. Diedericks. Die eerste bestuur is ook gekies.

Deur hulle optrede het die plaaslike munisipaliteit gelyke regte aan albei offisiële tale gegee. Deur die optrede van mnr. Koos Kriel hoofsaaklik, is die munisipaliteit se notule ook in Afrikaans gehou. Die plaaslike koerant stuur nou sy rekenings, kwitansies en briewe in Afrikaans aan Afrikaners. Van die winkels in Ladybrand het egter slegs een praktiese bewys gelewer dat hy die Afrikaners wil tegemoet kom, nl. die winkel van die here G. A. Fichardt, Bpk.

Ook op Brandfort is daar omstreeks hierdie tyd 'n dergelike beweging op tou gesit om op gelyke behandeling van die landstale aan te dring. J. D. Schonken het die Statute opgestel vir 'n „Onze Taalvereniging'' op 'n ruime basis wat bespreek is deur 'n vergadering van oor die 400 persone op 31 Julie 1915.*

Ds. W. Postma het 'n beroep na Reddersburg aangeneem om daar 'n stiller lewe te voer, maar iemand van sy geaardheid kon nie stil sit nie. Orals waar hy kom, moes hy die Afrikaners organiseer. Ook op Reddersburg, het hy gesien, was daar werk vir hom. Hy het dadelik *Die Nasionale Helpmekaar van Reddersburg* in die lewe geroep.

Die doel is as volg omskryf: „Die N.H. is 'n Afrikaanse Kultuurvereniging wat streef na (a) die ontwikkeling van 'n eie nasionale lewe, (b) die nouere aaneensluiting en versterking van die Holl. Afrik. element, (c) die behartiging van die gemeenskaplike belange van die lede in besonder en van ons volk in algemeen, (d) die bevordering van die sedelike en stoffelike opheffing van die Afrikaanse jeug ooreenkomstig Christelik-nasionale beginsels.'' En dan vind ons die gedagte van 'n F.A.K.: „Die N.H. verlang om op hierdie grondslag die vriendskaplike samewerking met die O.V.V. en

---

***Vgl. G. S. Nienaber: *Die Afr. Beweging,* bl. 157.**

N.V.H.V. en A.N.V. en hoop dat die tyd nie meer veraf is nie dat daar die gewenste eenheid sal bestaan tussen al die liggame wat dieselfde bedoel in belang van ons volk.''

Veelomvattend was die werksaamhede van hierdie vereniging. Die sekretaris het ongelukkig nie gereeld notule gehou nie, maar in die notule van 14 April 1917 staan aangeteken dat die opbrengs van 'n funksie ten voordele van die vereniging die som bedra van £335. Verder het die N.H. boustowwe versamel vir die teboekstelling van die geskiedenis van die Boervrou. Hulle het geld ingesamel en dit is aan ds. Postma opgedra om die boek saam te stel. In 1918 het *Die Boervrouw* dan ook werklik verskyn.

Hierdie feite is dus genoegsaam bewys dat die Vrystaatse Taalbeweging nie net tot Bloemfontein beperk was nie, maar ook sy vleuels oor die platteland uitgeslaan het.